PREEKOPSOMMING

Reekstema: Van Jona tot nou.
Tema: ***Die groot gaping tussen "Maak klaar" en "Gaan".***
Teks: Jona 1.
Kernvers: ***"Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is."*** (Jona 1:2)
Datum: 21 Junie 2009 (Met Nagmaalviering)
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Twee belangrike waarhede om Jona-boek te ontsluit.
Die twee belangrike waarhede wat jy deurgaans in gedagte moet hou in die bestudering van die boek Jona, is:

I. God is die eerste sendeling in die wêreld.
Vanaf Genesis 3 is God op sy sending. Hy is ***"on the move creatively busy"*** (sê Leanard Sweet), besig om mense wat deur die sonde "weggevat" is van Hom weer terug te kry (nie om terug seer te maak nie), maar om hulle weer terug te kry aan sy kant. Dit is tog God se hart – om mense wat sonder Hom leef weer by Hom in 'n verhouding te kry. Waar mense se rug op God gedraai is, daar is Hy op sy aktiefste besig om aan hulle te werk sodat hulle kan terug draai na Hom toe. Daarom stuur God sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld sodat Hy kan soek en red wat verlore is (Johannes 3:16).

II. God gebruik mense in sy sending.
God gebruik mense – gewone mense met name en adresse om ander mense wat sonder God leef, weer terug te bring en by God uit te bring. Jesus sê in Lukas 19:40 dat Hy klippe sal gebruik om te getuig indien mense dit nie sal doen nie. Die enigste wat God gebruik in sy "mission" is mense en … klippe. Hy gebruik nie programme nie of selfs engele om mense te gaan haal nie (vergelyk Openbaring 10). Brian McLaren het onlangs gesê: ***"Blessed is the man who finds out wich way God is moving and then gets going in the same direction."***

God roep Jona om in te val by sy sending.
Onderstreep die woorde: ***"maak klaar"*** en ***"gaan"*** in Jona 1:2. Dit is twee aksies waartoe God vir Jona roep. Die Here sê vir Jona dat hy moet klaar maak met sy eie veilige rustige lewe waar dit net oor sy eie lewetjie en prioriteite handel. Hy moet kaak klaar met sy eie prioriteite en GAAN en soedoende deel word van dit wat God wil doen in die wêreld.

Jona antwoord "Nee".
Die Here sê "Gaan na Ninive toe". Ninive was Oos van waar Jona was. Maar Jona sê "Nee" en hy gaan in Wes na Tarsis wat êrens in Spanje was soos ons dit vandag ken. Jona is die enigste mens in die Bybel wat op so 'n manier sy onwilligheid uitdruk. Blaai ons deur die Bybel dan sien ons almal wat God geroep het, het 'n gevoel van onbekwaamheid ervaar. Jesaja word geroep deur die Here (Jesaja 6) en dan besef hy dat hy vloek en vuil grappe vertel. Jeremia (Jeremia 1) raak weer bewus van sy jonkheid. Moses, wat eintlik weer ver té oud was, worstel met 'n hakkel-probleem. Gideon in Rigters 6 hou die huis waaruit hy kom (sy agtergrond) as rede hoekom die Here hom nie moet stuur nie. Maar op die ou einde gaan hulle en is gehoorsaam aan die Here se roepstem. Dit is net Jona wat weier om te gaan.

Wat keer mense om te "gaan"?
Die groot vraag aan jou deur Jona 1 is***: "Het jy al regtig gegaan waar God jou wil gebruik? Is jy al in jou Ninive waar jy del is van God se sending om mense weer terug vir Hom te wen?"*** Daar is 'n paar goed wat mense om te gaan waar God hulle heen roep:

1. Jou vrese.
Dit kan 'n vrees wees vir die onbekende wat jou keer om te gaan waar God jou roep. In Jona se geval was Nineve die hoofstad van die Assiriërs – 'n korrupte en heidense hoofstad van die Assiriërs. Hulle was bekend as 'n brutale nasie wat ook later vir Israel (die Noordelike stam) oorwin en ingeneem het. Hulle was vyande. Dalk was dit by Jona 'n groot faktor. Hy was bang. dat hy mag sterf!

2. Jou volksafkoms.
Reg deur die Bybel is jou volksafkoms die grootste probleem wat mense keer om deel te raak van dit wat God doen in die wêreld om ***alle mense*** vir Hom terug te wen. Jou volksafkoms veroorsaak dat jy net onder jou eie mense wil werk waar dit veilig is. Dis moeilik om uit te beweeg en kultuurgrense en taalgrense oor te steek. In vers 8 vra die kaptein vir Jona: ***"Wat werk jy? Waarvandaan kom jy? Uit watter land en van watter volk is jy?"*** En dan antwoord Jona: ***"Ek is 'n Hebreër. Ek is 'n dienaar van die lewende God."*** En dit is die ironie van Jona 1 dat dit heidene van 'n ander "godsdiens" en 'n ander volk was wat gelowig word… terwyl Jona lê en slaap! Dit bly die groot versoeking om die evangelie te wil beperk tot eie mense.

3. Jou twyfel.
Ons almal twyfel een of ander tyd. Ons wonder soms oor God en of Hy nog besig is in hieride wêreld. Maar twyfel is ook deel van ons menslike toestand op aarde. In enige besluit wat jy maak is daar 'n mate van onsekerheid. Daarom is twyfel deel van ons menslike bestaan. As jy gaan wag dat jy meer sekerheid kry oor waarborge, geld, resultate, voordat jy enige treë in die rigting wil gaan waarna God jou stuur, gaan jy dit nooit doen nie. Twyfel is ook deel van geloof. As jy glo – sal jy ook kan twyfel. Geloof bestaan slegs waar daar nog geen kennis is nie. Waar kennis kom is geloof en twyfel weg. As jy sien, dan het jy nie meer geloof nodig nie. Baie mense dink dat geloof is om aan iets vas te hou sonder enige twyfel. Maar geloof het ook altyd twyfel in. Geloof is nodig net en slegs as ons vir seker nie weet hoe alles gaan uitwerk nie. Ons het nie kennis wat die Here alles deur en in jou gaan doen nie. Dit is 'n geloofstap. Jy moet God net vertrou. In 1 Korintiërs 13:12 sê Paulus: ***"Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken."***

4. Jyself.
Die grootste faktor wat veroorsaak dat mense nie oorbeweeg en gaan nie, is jyself. God slaap nooit – God is 24 uur besig om mense te red. Dus, as mense nie tot bekering kom nie kan ons nie sê dat dit sendingaksies is wat nie goed werk of programme wat nie op dreef kom nie. Die probleem lê in die een wat gestuur word – jyself. Jy is 'n kanaal vir God of 'n struikelblok. Jona het klomp karakter-probleme gehad soos eiewilligheid, hardkoppigheid, verwaandheid, ens wat die Here moes regstel sodat Jona kan gaan waar God besig is om reeds te werk.

Ondersoek jouself.
Daar is baie belangrike goed in ons lewens waaraan ons moet aandag gee: water en ligte rekeninge, belastingvorms, kinders wat by die tanbdarts moet uitkom, ens. Maar die belangrikste van alles is of jy alreeds gegaan het en reeds in Nineve besig is. Dit is tog die sin van jou bestaan. Plaas jou motiewe en hele lewe weer onder die vergrootglas en ondersoek jouself. Mag die Here jou seën wanneer jy die res van Jona volg en sy roeping ook vir jou lewe beleef.